

# Maandag 15 November

Skrifgedeelte: Jesaja 40:1-31

Fokusgedeelte: Jesaja 40:5  
(1933/53-vertaling)

## God se Woord is vas en seker

Verganklikheid ... Baie dinge vergaan. Plante vergaan, gras verdor, beloftes word gebreek. Met baie opwinding sien ons uit na vakansies, en net so is dit verby. Tog is daar iets wat vas en seker bly: God se Woord! Die heerlijkheid van die Here sal bekend word aan alle mense omdat Hy gesê het dit sal.

Die begin van hierdie bekendmaking het begin op 'n berg net buite Jerusalem. Op 'n berg met die naam van Kopbeenhoogte. Daar buite die dorpie, daar aan stukke hout word die mense opgehang wat nie deel mag wees van die samelewing nie. Daar word die mense doodgemaak wat vir niemand iets beteken nie. Tussen hemel en aarde, geen plek op die hemel, geen plek op aarde. Daar hang hulle. Daar hang Jesus Christus. Op grond van Christus se werke aan die kruis kon die woorde van Jesaja 40 waar word. Troos, troos my volk, sê julle God. Troos ter wille van Christus. Troos aan elke gelowige. Jou stryd is verby, jou skuld is betaal. Ter wille van Christus. In lewe en in sterwe bly Jesus ons troos.

Hoe kan ons wel seker wees ons stryd is verby? Nog nie ten volle nie. Romeine 8 leer ons dat ons stryd tydelik sal wees. Wanneer Jesus weer kom, is die oorwinning finaal. Dit is vas en seker, want God het dit gesê. Eers het Hy sy volk bemoedig in hulle ballingskap. Vandag troos Hy ons met dieselfde woorde. Wees getroos! God se Woord bly vas en seker tot in ewigheid! Hy sal kom as 'n sterke. In deur, op en met die wolke sal Hy verskyn vir almal om te sien. Die volle oorwinning oor die sonde is op pad. Wees getroos!

*Sing: Psalm 68-1:1*

*Ds. W Brotherton (Werner) (Vryheid)*